# BERGRIVIER MUNICIPALITY

**Bergrivier Municipality ensures the wellbeing of all communities within the Bergrivier region through economic growth, social wellbeing, community involvement and effective management within a safe and healthy environment. Women and persons with disabilities are encouraged to apply**

**Bergrivier Municipality with its head office in Piketberg and approximately an hour's drive from Cape Town currently has the following vacancy and awaits applications from competent persons who comply with the minimum job requirements.**

## DIRECTORATE: CORPORATE SERVICES
**(Piketberg, unless stated otherwise)**

### 1. ENVIRONMENTAL PLANNING MANAGEMENT OFFICER (VELDDRIF)

**Requirements:** An appropriate 4 year B-degree (or equivalent qualification) NQF 7 in the environmental management or natural sciences field. · Code EB Driver's License · Attention to detail · Good interpersonal and communication skills · Be able to work independently with minimal supervision · Organised and able to keep data and workflow details up to date · Environmental education and awareness skills · Conflict handling and resolution skills · Fluent, reading, writing and speaking of at least 2 of the official languages of the Western Cape (Afrikaans, English, Xhosa) · Three 3 years applicable experience in the key performance areas

**Key Performance Areas:** Manage, coordinate and ensure the implementation of effective environmental and coastal management services as contemplated in the National Environmental Management – Integrated Coastal Management Act (ICMA), the National Environmental Management Act (NEMA) and other specific Environmental Management Acts (SEMA's) within the jurisdiction of the Bergrivier Municipal area including the implementation of EPWP Environmental Programmes and Projects within communities by compiling business plans with budgets and managing contractors and supervisors · Ensure compliance with legislative requirements by facilitating the monitoring / performing assessments and inspections regarding air quality, water and waste water quality · Facilitate the management of integrated land use planning to ensure sustainable management of land resources

**Salary:** R 299 604.00 annually (T13 of a Category 3 Local Authority)

**Date of acceptance:** 01 May 2018 or as soon as possible

**Enquiries:** Mr W Wagener at (022) 913 6000

**GENERAL:**

1. A service bonus equivalent to one month's salary, where applicable, will be payable and be supplemented by the normal benefits applicable to the Municipality incuding a housing allowance for home owners subject to certain conditions.
2. The Municipality is an equal opportunity employer and respects the conditions of the Employment Equity Act, preference will be given to candidates who comply with the Employment Equity Targets.
3. The Municipality is not bound to make any appointment.
4. All applicants will be subjected to police clearance with the concent of the applicant.
5. Applications received after the closing date or which have been received without the documentation mentioned below, will not be considered.
6. Only short-listed applicants will be contacted for interviews. Applicants can regard their applications as being unsuccessful if no feedback has been received within six weeks from the closing date.
7. Canvassing of any councillor and/or member of the Appointment Committee and/or any personnel member of the Municipality will not be allowed and will immediately disqualify applicants.
8. In addition to the minimum job requirements and station mentioned herein, applicants may be expected to work overtime or be on standby, as well as render services in other parts within the municipal area, as required.
9. Appointment in certain posts is subject to a security clearance and applicants will also undergo an interview and evaluation process and where necessary, write a trade test.

A covering letter with three contactable references, must accompany the completed prescribed application form (available on request at Tel. 022 9136000 or on the municipality's website www.bergmun.org.za) with certified copies of the necessary qualification certificates, ID document, Drivers Licence and a Curriculum Vitae (Maximum of 3 pages), (only one post per application form) to reach the **Municipal offices, Piketberg or mailed to P O Box 60, Piketberg 7320 for the attention of Me AG Louw (Manager: Human Resources)** by no later than the closing date. **NO FAXES OR ELECTRONIC APPLICATIONS WILL BE ACCEPTED**.

**CLOSING DATE: 15:30 ON FRIDAY, 02 MARCH 2018**

**ADV H LINDE**
**MUNICIPAL MANAGER**

**13 CHURCH STREET**
**P O BOX 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**MN15/2018**

**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

**Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne 'n veilige en gesonde omgewing. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.**

**Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen.**

## DIREKTORAAT: KORPORATIEWE DIENSTE
## (Standplaas Piketberg, tensy anders gemeld)

### 1. OMGEWINGSBEPLANNING BESTUURSBEAMPTE (VELDDRIF)

**Posvereistes**: `n Toepaslike 4-jaar B-graad (of gelykwaardige kwalifikasie) NKR 7 in die omgewingsbestuur of natuurwetenskaplike veld. · Kode EB Bestuurderslisensie · Aandag vir besonderhede · Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede · In staat wees om onafhanklik te werk met minimale toesig. · Georganiseerd en in staat om data en werkstroombesonderhede op datum te hou · Omgewingsopvoeding en bewusmakingsvaardighede. · Konflikhanterings- en oplossingsvaardighede. · Vlot, lees, skryf en praat van ten minste 2 van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans, Engels, Xhosa) · Drie (3) jaar toepaslike ervaring in die sleutelprestasieareas.

**Sleutelprestasieareas:** Bestuur, koördineer en verseker die implementering van effektiewe omgewings- en kusbestuursdienste soos beoog in die Wet oor Nasionale Omgewingsbestuur - Geïntegreerde Kusbestuur (ICMA), die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) en ander spesifieke Omgewingsbestuurswette (SEMA's) binne die jurisdiksie van die Bergrivier Munisipale gebied, insluitend die implementering van EPWP Omgewingsprogramme en -projekte binne die gemeenskappe deur die opstel van sakeplanne met begrotings en die bestuur van kontrakteurs en toesighouers · Verseker nakoming van wetgewende vereistes deur die monitering / uitvoerende assesserings en inspeksies ten opsigte van lug-, water- en afvalwatergehalte te fasiliteer · Fasiliteer die bestuur van geïntegreerde grondgebruikbeplanning om volhoubare bestuur van grondhulpbronne te verseker.

| | |
|---|---|
| **Salaris:** | R 299 604.00 per jaar (T13 van 'n Kategorie 3 Plaaslike Owerheid) |
| **Diensaanvaarding:** | 01 Mei 2018 of so spoedig moontlik |
| **Navrae:** | Mnr W Wagener by (022) 913 6000 |

**ALGEMEEN:**

10. 'n Diensbonus gelykstaande aan een maand se salaris is, waar van toepassing, betaalbaar en word aangevul deur die normale voordele van toepassing op die Munisipaliteit, met inbegrip van 'n behuisingstoelae vir huiseienaars, onderhewig aan sekere voorwaardes.
11. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
12. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
13. Alle aanstellings is onderwerpe aan Polisie klaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
14. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie van die dokumentasie hieronder vergesel word nie, sal nie oorweeg word nie.
15. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 6 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.
16. Gunswerwing by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
17. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
18. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsklaring, en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop, en waar van toepassing, 'n vaktoets af te lê.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste drie kontakbare verwysings, vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by www.bergmun.org.za),'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie **(slegs een pos per aansoekvorm)** moet by die **Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van Me AG Louw (Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste)**, om haar te bereik nie later nie as die sluitingsdatum. **Geen fakse of elektroniese pos sal aanvaar word nie.**

**SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE: VRYDAG, 02 MAART 2018 OM 15:30**

**ADV. H LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK 15/2018**

**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**